

BTW implikasies by die gebruik van 'n 'middelman'



BTW implikasies by die gebruik van 'n 'middelman'
Nie almal het die gawe om 'n produk aan 'n kliënt te verkoop of te bemark nie. Daarom word daar soms gebruik gemaak van 'n agent, of die spreekwoordelike 'middelman',

om die produk vanaf die produsent tot by die koper te bring.

Vrae wat algemeen ontstaan: Wat is die BTW-implikasies van verkope deur middel van 'n agent aan kliënte indien die produsent vir BTW geregistreer is? Wat is die implikasie indien daar kommissie aan die agent betaal word?

Kom ons kyk na die volgende voorbeeld:

Kunsmis (Edms) Bpk produseer kunsmis wat gebruik word vir landboudoeleindes deur ander persone (moontlik persone wat betrokke is by boerderybedrywighede).

Kunsmis (Edms) Bpk maak van Verspreider (Edms) Bpk gebruik om sy produkte aan die kliënte te verkoop omdat Kunsmis (Edms) Bpk voel hulle nie oor die nodige kennis, kontakbesonderhede en inligting ten opsigte van toekomstige kopers in die mark beskik nie.

Verspreider (Edms) Bpk plaas nie 'n ekstra heffing op die verkoop van die produkte nie, maar is geregtig op 'n 2% kommissie op die verkope.

Wat sal die BTW-implikasies van bogenoemde transaksie vir Kunsmis (Edms) Bpk en Verspreider (Edms) Bpk wees indien 'n produk met 'n waarde van R100 verkoop is volgens 'n wyse onderhewig aan die feite hierbo genoem? Veronderstel dat beide entiteite wel vir BTW geregistreer is.

BTW-implikasies vir Verspreider (Edms) Bpk en Kunsmis (Edms) Bpk

Tensy 'n ander wet genoem word sal alle artikels vervat hieronder met verwysing tot die Wet op Belasting op Toegevoegde Waarde No.89 van 1991 van toepassing wees.

1. Indien Verspreider (Edms) Bpk namens Kunsmis (Edms) Bpk optree, sal die onderliggende lewering aan (of) deur Verspreider (Edms) Bpk geag word aan (of) deur Kunsmis (Edms) Bpk te wees (a 54(1) en 54(2)).
2. Kunsmis (Edms) Bpk sal dus geregtig wees om insetbelasting te eis en aanspreeklik wees om uitsetbelasting te hef. Indien goedere ingevoer word, sal dit ook geag word deur Kunsmis (Edms) Bpk ingevoer te wees (a 54(2)(a)).
3. Enige fakture deur Verspreider (Edms) Bpk ontvang (of uitgereik aan die boere), behoort in die naam van Kunsmis (Edms) Bpk te wees.
4. Dit is ook moontlik vir Verspreider (Edms) Bpk om dokumente in sy eie naam te ontvang (of uit te reik aan die boere) (voorbehoudsbepalings van a 54(1) en 54(2) en 54(2A)(a)).
5. Indien 'n dokument in Verspreider (Edms) Bpk se eie naam ontvang (of uitgereik is aan die boere), moet Kunsmis (Edms) Bpk skriftelik in kennis gestel word van die lewerings en Verspreider (Edms) Bpk moet voldoende rekords byhou sodat Kunsmis (Edms) Bpk se naam, adres en BTW nommer vasgestel kan word (a 54(3)).
6. In geval soos genoem in punt 5 hierbo is dit egter nie 'n vereiste dat die besonderhede van Kunsmis (Edms) Bpk op die onderliggende dokumente van die lewerings verskyn nie, maar slegs dat dit deur Verspreider (Edms) Bpk gehou word.



7. Alle BTW-gevolge sal steeds deur Kunsmis (Edms) Bpk verantwoord word en nie deur Verspreider (Edms) Bpk nie. Kunsmis (Edms) Bpk sal geregtig wees om insetbelasting te eis indien Kunsmis (Edms) Bpk die volgende vereiste dokumentêre bewyse in besit het:
- n belastingfaktuur in die naam van Kunsmis (Edms) Bpk (a 16(2)(e)), of
 - 'n staat vanaf Verspreider (Edms) Bpk (Verspreider (Edms) Bpk-staat) waarop lewerings aan Verspreider (Edms) Bpk namens Kunsmis (Edms) Bpk aangedui word (a 16(2)(e)), of
 - 'n Klaringsbrief (of ander doeane- en aksynsdokumente) deur Verspreider (Edms) Bpk aangehou waarvoor Kunsmis (Edms) Bpk 'n Verspreider (Edms) Bpk-staat ontvang het (a 16(2) (dA)).
8. Die primêre verhouding tussen Verspreider (Edms) Bpk en die boer tydens die kunsmis- of produktransaksie is 'n baie belangrike element in die BTW-ketting.
9. Met verwysing na die Hoogste hof van Appèl uitspraak in 2005 tussen die SAID en British Airways (www.justice.gov.za): Alhoewel die primêre verhouding tussen British Airways en die passasier bestaan het, en nie tussen Airports Company Limited en die passasier nie, was die hof nie daardeur beïnvloed in sy uitspraak in die British Airways-saak nie. Airports Company Limited moes gevolglik BTW hef op die passasiersdiensfooi. Die SAID was van mening dat Artikel 8(15) op die vliegtuigkaartjie van toepassing was en dat elke betrokke gedeelte 'n afsonderlike lewering was. Die SAID het voorgehou dat die passasiers diens fooi 'n standaardkoerslewering was. Die hof het bevind dat British Airways nie vereis word om rekenskap te gee vir BTW op 'n diens wat hyself nie verskaf nie.

Jou vennoot vir 'n verskeidenheid van omvattende rekeningkundige & finansiële dienste

Ons bied die volgende dienste:

- Maatskappy/Besigheid registrasie
- Trust administrasie
- Sekretariële dienste
- Boedelbeplanning en testamente
- Boekhouding
- Bestuurs- en finansiële state
- Belasting dienste

www.bvsa.ltdinfo@bvsa.ltd

10. Die beginsel neergelê in die British Airways-saak sal bepaal dat indien Verspreider (Edms) Bpk deur Kunsmis (Edms) Bpk vergoed word vir enige onkoste namens Kunsmis (Edms) Bpk aangegaan, sal Verspreider (Edms) Bpk nie enige BTW-gevolge verantwoord nie omrede dit bloot onkoste is wat verhaal word vir dienste deur 'n ander gelewer.
11. Verspreider (Edms) Bpk sal slegs BTW moet verantwoord op enige kommissie verdien omrede sulke vergoeding nie namens Kunsmis (Edms) Bpk verdien is nie, maar eerder in hulle eie hoedanigheid.
12. Verspreider (Edms) Bpk, indien geregistreer vir BTW, sal egter aanspreeklik wees vir uitsetbelasting ten opsigte van die R2 (2% kommissiefooi gehef op die R100 se verkope aan die boer) vir dienste gelewer aan Kunsmis (Edms) Bpk, aangesien sodanige dienste in eie hoedanigheid gelewer is en nie namens Kunsmis (Edms) Bpk nie.
13. Die uitsetbelasting word bereken as R 0.26 (R2 x 15/115), en Kunsmis (Edms) Bpk sal dan insetbelasting gelykstaande aan R0.26 gehef deur Verspreider (Edms) Bpk kan eis aangesien uitsetbelasting deur Verspreider (Edms) Bpk op die kommissie gehef is.

14. Let ook daarop dat ingevolge Artikel 191 van die Wet op Belastingadministrasie word die bedrag geëis vanaf die SAID nie as terugbetaalbaar geag indien dit minder as R100 is nie, maar die bedrag moet oorgedra word aan Kunsmis (Edms) Bpk se rekening.
15. Kunsmis (Edms) Bpk sal ook geregtig wees om insetbelasting te eis ten opsigte van die lewering van enige subkontraakteur wat deur Verspreider (Edms) Bpk gebruik is, mits Verspreider (Edms) Bpk na ontvangs van die fakture 'n Verspreider (Edms) Bpk-staat aan Kunsmis (Edms) Bpk verskaf (a 54(2)).
16. Die Verspreider (Edms) Bpk-staat sal ook as dokumentêre bewys dien vir stawing van insetbelasting, ongeag die feit dat die subkontraakteur-faktuur in die naam van Verspreider (Edms) Bpk is.
17. Let ook daarop dat Artikel 11(1) uiteensit watter lewering van goedere sal kwalifiseer as nulkoerslewerings.
18. Ingevolge Artikel 11(1)(g) sal die lewering van goedere wat vir landbou en ander boerderydoeleindes gebruik word, soos kunsmis, saad, voer, bemesting ens., as nulkoerslewerings geag word.
19. Nulkoerslewerings is belasbare lewerings en 'n ondernemer kan die insetbelasting in verband met die lewerings terugeis.
20. Alhoewel BTW dan teen 0% gehef word deur Kunsmis (Edms) Bpk op die lewering van kunsmis aan die boere, kan die insetbelasting in verband met die lewerings teruggeëis word.

Die Misdadige ("delinquent") Direkteur

Volgens die woordeboek, hou die woord "misdadige" of "delinquent" verband met "misdaad pleeg", "regteloos", "regskending", "krimineel", "misdryf", "pligsversuiming" – dit is beslis nie woorde wat mens in dieselfde sin saam met "direkteur" wil hoor nie. Daarom is dit noodsaaklik dat Suid-Afrikaanse direkteurs ag slaan op die impak van Artikel 162 van die Maatskappyyewet sodat hulle sodoende hulle nie blootstel aan die moontlikheid om as misdadig verklaar te word nie.

Wie is 'n misdadige direkteur? / Wat is die gronde van misdadigheid?

Die Wet maak voorsiening vir gronde waarop aansoeke ingedien kan word om iemand as misdadig te verklaar. As slegs een van die volgende kriteria aan voldoen word, het die hof geen diskresie nie - 'n hof móét dan so 'n persoon as 'n misdadige direkteur verklaar:

1. Indien die persoon ingestem het om as direkteur te dien terwyl hy of sy as sodanig onbevoeg verklaar of gediskwalifiseer is.

Voorbeelde hiervan is: As die direkteur as 'n ongerehabiliteerde insolvent verklaar is; van sy amp verwyder is weens oneerlikheid; skuldig bevind is aan 'n misdaad, diefstal, bedrog, vervalsing of enige ander handeling wat bedrog, wanvoorstelling of oneerlikheid betrek.

2. Waar 'n persoon onder 'n proefbevel as 'n direkteur opgetree het op so 'n wyse dat hy/sy daardie bevel verontagsaam.

Jan van Zyl

3. Indien tydens direkteurskap:

- 3.1 Die persoon sy of haar posisie as direkteur erg misbruik het; of
- 3.2 Die persoon persoonlik gebaat het uit die gebruik van inligting of geleenthede; of
- 3.3 Die persoon met opset of deur growwe nalatigheid skade aan die maatskappy of 'n filiaalmaatskappy gerig het; of
- 3.4 Die persoon se optrede neerkom op growwe nalatigheid, opsetlike wangedrag of vertrouwensbreuk in verband met die verrigting van hul werksaamhede en pligte teenoor die maatskappy.

Op die stadium mag mens dalk dink dat hierdie voorwaardes voor die hand liggend is en dat direkteure wat hulle aan hierdie tipe gedrag skuldig maak, nie direkteure behoort te wees nie. Die Wet sluit egter verder nog gevalle in wat nie so voor die hand liggend is nie. 'n Hof moet ook 'n direkteur as misdadig verklaar indien hy/sy herhaaldelik persoonlik onderworpe was aan 'n voldoeningskennisgewing of soortgelyke afdwingingsmeganisme vir soortgelyke gedrag ingevolge enige wetgewing. Nog 'n geval is waar die hof oortuig is dat die verklaring van 'n misdryf geregverdig is met inagneming van die aard van die oortreding.

Effek/Gevolge van Misdadigheid

'n Misdadigheidsverklaring kan óf onvoorwaardelik wees en sal dan vir die leeftyd van die persoon duur OF 'n hof kan voorwaardes daaraan koppel, insluitend 'n voorwaarde wat die aansoek kan beperk tot slegs sekere maatskappykategorieë. Dit sal alles afhang van die gronde van die misdadigheid.

Wat kan by die hof aansoek doen?

'n Maatskappy, aandeelhouer, direkteur, maatskappysekretaris of voorgeskrewe beampte van 'n maatskappy, 'n geregistreerde vakbond of

enige ander verteenwoordiger van die maatskappy se werknemers kan by 'n hof aansoek doen vir 'n bevel om 'n direkteur as misdadig te verklaar. In sommige gevalle mag staatsorgane ook so 'n aansoek indien.

Vreemd genoeg het skuldeisers nie die bevoegdheid om by 'n hof aansoek te doen om 'n direkteur as misdadig te verklaar nie.

Daar moet wel in gedagte gehou word dat 'n misdadige direkteur nie verbied kan word om 'n aandeelhouer te wees nie. Misdadigers kan dus ongelukkig nogsteeds hul invloed op 'n maatskappy probeer uitoefen.

BVSA-Regsdienste

Vrywaring: Die materiaal vervat in hierdie dokument word slegs voorsien vir algemene inligtingsdoeleindes en mag nie as finansiële- of regsadvies gebruik word nie. Ons aanvaar geen verantwoordelikheid vir enige verlies of skade wat mag ontstaan as gevolg van afhanklikheid van inligting vervat in hierdie artikel nie.



**Lees gerus ons
nuutste artikel op
bladsy 40 van die
Julie uitgawe van
die AgriKultuur
tydskrif**

LEES AANLYN